# CHRISTELIKE ONDERWYS—

## 'n Beknopte opsomming van die sprekinge op die A.C.B. Konferensie.

View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)

### 1. Inleiding.

Op Dinsdag 25 en Woensdag 26 Januarie l.l. is 'n konferensie van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging in die Totius-gedenksaal op Potchefstroom onder voorsitterskap van prof. D. J. van Rooy gehou. Ongeveer 200 persone oor die lengte en breedte van Suid-Afrika, en selfs uit Suidwes-Afrika, die Rhodesiës en Kenia was teenwoordig. Die onderwerp van bespreking was: **Waar staan ons vandag met ons Christelike onderwys, laer, middelbaar en hoër?**

Wat hierdie konferensie so merkwaardig en interessant gemaak het, was die feit dat daar geen inleiers was nie. Die bedoeling was dat daar

openhartig uitgepraat moes word oor die toestande vandag en verder ook oor wat die toekomsplanne moet wees. Hierdie reëling het blykbaar in die smaak van die belangstellendes geval want een uit elke ses aanwesiges het aan die besprekings deelgeneem en hulle onderskeie bydraes met krag en oortuiging gelewer.

Die voorsitter het in sy openingsrede daarop gewys dat die beginsel van Christelike onderwys nog lewe in die harte en gedagtes van die Calvinis in Suid-Afrika en dat die verwesenliking daarvan ook die ideaal van die A.C.B. is. Inleidend het hy gevra: „Wat kom vandag van die Christelike onderwys in ons staatskool tereg? Is dit nie 'n kenmerk van die huidige staatskool dat hy nie regstreeks vyandig staan teenoor die Christelike beginsel nie; maar dat hy aan die ander kant ook nie eintlik vyandig staan teenoor die heidense beginsel nie?"

Met hierdie gedagtes is die kern van die hele vraagstuk blootgelê en die verskillende sprekers het dadelik daartoe oorgegaan om die beginsel en die praktiese uitvoering van Christelike onderwys te bespreek.

2. **Die beginsel van Christelike Onderwys.**

Al die sprekers was dit met mekaar eens dat die huidige staatskool die Christelike, en meer bepaald die Calvinistiese, onderwysbeginsel nie tot sy volle reg laat kom nie. Die huidige onderwys is nie positief Calvinisties nie en daarom kan daar nie in die bestaande toestande berus word nie. Die Calvinis is alreeds lank genoeg ondergeploeg deur 'n staatskool wat vreemd staan teenoor sy lewens- en wêreldbeskouing en daarom kan hy nie toelaat dat sy kind langer die prooi bly van 'n neutrale staatskoolstelsel nie. Daar is gewys dat dit vir die Calvinis nie net 'n stryd is wat gaan om 'n skool en 'n skoolstelsel nie maar dat dit gaan om die nakoming en uitlewing van sy doopsbelofte.

Daar is met groot waardering en erkentlikheid gespreek oor wat die Christelike onderwyser in die verlede gedoen het en vandag nog steeds doen in verband met Christelike onderwys in die bestaande staatskool.

Dit het deurgaans geblyk dat die bedenkinge hoofsaaklik geopper is teen laer en middelbare onderwys. Wat hoër onderwys betref is daarop gewys dat die P.U. vir C.H.O. reèds baie jare lank Calvinistiese onderrig gee. Hierdie inrigting staan op beslis Christelike grondslag en het kragtens wet die reg, ja die plig, daartoe. Die P.U. vir C.H.O. is 'n fort wat uitgebou en sterk gemaak moet word sodat hy sy roeping in Suid-Afrika ten volle kan nakom. Wat hoër onderwys betref is die saak dus gunstiger alhoewel dit geensins bevredigend is nie. Ook hierin moet gewerk word sodat alle hoër onderwys ook weldra gegee sal word in: U lig.

Die P.U. vir C.H.O. moet as appèl dien op die gewete van die volk van Suid-Afrika en dit moet die Calvinis aanspoor om ook hierdie beginsels in sy laer en middelbare onderwys te vestig en uit te dra. Die hand moet daarom aan die ploeg geslaan word. Maar hoe?

3. **Standpunte.**

Hoe moet die ideaal van Christelike onderwys vandag in 'n veranderde en veranderende Suid-Afrika bereik word? Hierdie vraag het dadelik drie standpunte na vore gebring.

(a) Diegene wat die standpunt huldig dat daar oorgegaan moet word tot die stigting van eie staatsondersteunde privaatskole naas die bestaande staatskole. Voorstanders van hierdie rigting het daarop gewys dat dit nodeloos is om die bestaande staatskool te hervorm of soos sommige dikwels sê te Christianiseer. Volgens hulle het die pogings wat in die verlede aangewend was op niks uitgeloop nie en intussen bestaan die gevaar dat die ideaal van Christelike onderwys uit die oog verloor sal word. Die enigste redding lê in die stigting van eie groepskole naas die bestaande staatskole.

(b) 'n Verdere standpunt wat gehuldig is, was die hervorming of soos sommige dit gestel het die Christianisering van die bestaande staatskool. Daar is verwys na die stryd wat gevoer is en die resultate wat alreeds bereik is in verband met Nasionale onderwys. Net so kan ook Christelike onderwys verkry word. Daar moet slegs met geduld, oorleg en ywer in hierdie rigting gewerk word. Daar is verwys na die aksie van die F.A.K., die Transvaalse Onderwysvereniging en die gesamentlike pogings van die drie Afrikaanse kerke. Op hierdie weg moet volhard word.

(c) Diegene wat wil werk in die rigting van die verwesenliking van die staatsondersteunde skool. Nie die stigting van aparte skole naas die staatskole nie maar uiteindelik 'n totale verowering van die staatskool. Die voorstanders van hierdie rigting wil aansluit by die bestaande staatskool en geleidelik werk in die rigting van die stigting van staatsondersteunde skole waar die Calvinistiese ouer seggenskap het en waar sy kind opgevoed sal word ooreenkomstig sy doopsbelofte.

4. **Die praktiese bereiking van die ideaal.**

Oor hierdie vraagstuk het veral twee duidelik standpunte na vore gekom wat met groot krag verdedig is, nl.

(a) diegene wat 'n sg. kortpad wil volg deurdat hulle so gou as moontlik die ideaal van Christelike onderwys wil verwesenlik. Hierdie sg. kortpadbeleid kom daarop neer dat daar so gou as moontlik oorgegaan moet word tot die stigting van privaatskole. Hierdie begin sal klein wees maar dit sal mettertyd groei na gelang Calviniste tot die beset kom dat dit die beste vir hulle kinders is en die nodige opgeleide en reggesinde onderwysers gevind kan word. Hierdie skole moet opgerig word met of sonder die hulp van die staat. Dit moet 'n geloofsdaad wees wat die Calvinis opnuut tot offervaardigheid en dienswilligheid sal aanspoor.

(b) Die tweede standpunt t.o.v. die praktiese bereiking van die ideaal is die sg. ompad omdat die geskiedenis geleer het dat die kortpad 'n doodlooppad was. Die geskiedenis van die Gereformeerde kerkskole en die ou C.N.O.-skole is in herinnering geroep en getuig hiervan. Die ouer sal eers weer opnuut geleer moet word om te offer en om ook vir die onderwys van sy kind te betaal. 'n Reguitpad is nie altyd die beste nie. Daar moet in die lig van die verlede en die eise van die teenswoordige omstandighede tydelik ander weë bewandel word en aangeslaan word teen die bestaande skoolstelsel.

Die voorstanders van die ompad is daarvan oortuig dat die Calvinis hom nie nou aan die staatskool moet onttrek nie maar dat hy sy beginsels met krag en oortuiging moet indra totdat die Calvinistiese beginsels geseëvier het en daar van die owerheid met 'n besliste stem die staatsondersteunde skool gevra kan word. 'n Spreker wat vir die afgelope veertig jaar aktief besig is met die stryd vir C.N.O. het gesê: „As u weet waar ons in 1914 gestaan het met C.N.O. en waar ons vandag staan sal u sê: die weë van die Here is wonderlik. Ons het ver gevorder op die pad na ons ideaal, deur gedurig te pleit vir die omskepping van die staatskool, en om die ideaal van 'n staatsondersteunde skool nie uit die oog te verloor nie".

Die verskillende sprekers het nie slegs die beginsel van Christelike onderwys bespreek en die weë wat gevolg moet word by die uiteindelike verwesenliking van die ideaal aangetoon nie, maar hulle het ook aandag gegee aan 'n program van aksie. Die vernaamste sake wat op so 'n program moet verskyn word hieronder kortliks genoem.

5. **Program van Aksie.**

(a) Tans beskik die Calvinis oor 'n organisasie, nl. die A.C.B., om georganiseerd op te tree en tot aksie oor te gaan, ook wat die Christelike

(a) diegene wat 'n sg. kortpad wil volg deurdat hulle so gou as moontlik die ideaal van Christelike onderwys wil verwesenlik. Hierdie sg. kortpadbeleid kom daarop neer dat daar so gou as moontlik oorgegaan moet word tot die stigting van privaatskole. Hierdie begin sal klein wees maar dit sal mettertyd groei na gelang Calviniste tot die beset kom dat dit die beste vir hulle kinders is en die nodige opgeleide en reggesinde onderwysers gevind kan word. Hierdie skole moet opgerig word met of sonder die hulp van die staat. Dit moet 'n geloofsdaad wees wat die Calvinis opnuut tot offervaardigheid en dienswilligheid sal aanspoor.

(b) Die tweede standpunt t.o.v. die praktiese bereiking van die ideaal is die sg. ompad omdat die geskiedenis geleer het dat die kortpad 'n doodlooppad was. Die geskiedenis van die Gereformeerde kerkskole en die ou C.N.O.-skole is in herinnering geroep en getuig hiervan. Die ouer sal eers weer opnuut geleer moet word om te offer en om ook vir die onderwys van sy kind te betaal. 'n Reguitpad is nie altyd die beste nie. Daar moet in die lig van die verlede en die eise van die teenswoordige omstandighede tydelik ander weë bewandel word en aangeslaan word teen die bestaande skoolstelsel.

Die voorstanders van die ompad is daarvan oortuig dat die Calvinis hom nie nou aan die staatskool moet onttrek nie maar dat hy sy beginsels met krag en oortuiging moet indra totdat die Calvinistiese beginsels geseëvier het en daar van die owerheid met 'n besliste stem die staatsondersteunde skool gevra kan word. 'n Spreker wat vir die afgelope veertig jaar aktief besig is met die stryd vir C.N.O. het gesê: „As u weet waar ons in 1914 gestaan het met C.N.O. en waar ons vandag staan sal u sê: die weë van die Here is wonderlik. Ons het ver gevorder op die pad na ons ideaal, deur gedurig te pleit vir die omskepping van die staatskool, en om die ideaal van 'n staatsondersteunde skool nie uit die oog te verloor nie".

Die verskillende sprekers het nie slegs die beginsel van Christelike onderwys bespreek en die weë wat gevolg moet word by die uiteindelike verwesenliking van die ideaal aangetoon nie, maar hulle het ook aandag gegee aan 'n program van aksie. Die vernaamste sake wat op so 'n program moet verskyn word hieronder kortliks genoem.

**5. Program van Aksie.**

(a) Tans beskik die Calvinis oor 'n organisasie, nl. die A.C.B., om georganiseerd op te tree en tot aksie oor te gaan, ook wat die Christelike

onderwys betref. Die regte opvoeding hang af van die regte opvoeder d.w.s. die regte ouers en die regte onderwysers. Daar moet regte ouers en regte onderwysers wees. Die A.C.B. het 'n groot taak om aan die ouers voorligting te gee aangaande hulle roeping as Calvinistiese ouers. Die A.C.B. moet oortuigingswerk doen en die Calvinistiese beginsels kragtig propageer, deur middel van die gesproke en geskrewe woord. Die mondstuk van die Beweging nl. **Woord en Daad** het in hierdie opsig 'n groot en mooi taak om op te konsentreer en om oortuigingswerk te doen. Verskeie sprekers het dan ook daarop gewys dat die A.C.B. tans oorgegaan het tot een groot konkrete daad, nl. dat hy hom geheel gaan skaar het agter die P.U. vir C.H.O. Hierdeur het hy Christelike hoër onderwys op 'n praktiese wyse op sy program van aksie geplaas. En nou wag Christelike laer en middelbare onderwys. Daar wag egter ook ander take om daadwerklik aangepak te word.

(b) Daar moet gesoek word na Calvinistiese onderwysers wat deeglik onderlê is. In hierdie verband is dit dringend noodsaaklik dat die opleiding van onderwysers Calvinisties moet wees soos tans die geval aan die P.U. vir C.H.O. is. Diensdoende onderwysers kan alreeds 'n vakansiekursus in Godsdiensonderwys aan hierdie inrigting volg. Stadig maar seker sal hierdie manne en vroue die onderwys deursuur tot heil en seën van volk en vaderland.

(c) Handboeke in al die vakke wat die gees van die Calvinisme adem moet geskryf word en tot die beskikking van onderwysers gestel word. Die drie Afrikaanse kerke gee reeds aandag aan die saamstel van handboeke in Godsdiensonderrig.

(d) Daar moet egter nie net handboeke vir onderwysers wees nie maar dis dringend noodsaaklik dat daar ook leerboeke vir die kinders geskryf moet word. Sekere handboeke wat vandag op die skole gebruik word leer die kinders 'n suiwere evolusionisme. Vergelyk in hierdie verband die Februarie-uitgawe van **Woord en Daad** oor **Evolusionisme op ons Skole,** deur S.d.T.

(e) Die bestaande leergange moet so gewysig word of nuwes opgestel word wat in ooreenstemming is met die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing.

(f) Die ouer en die onderwyser moet vandag meer gebruik maak van die regte en voorregte wat die bestaande skoolstelsel hom bied. Die ouers moet organiseer en georganiseerd optree. Daar is baie wat

gedoen kan word om die Christelike beginsels in toepassing te bring.

(g) Verder moet daar met die owerheid onderhandel word en op 'n beleid van Calvinistiese onderwys aangedring word. Met 'n simpatieke owerheid kan veel deur onderlinge beraadslaginge bereik word.

## 6. **Samevatting.**

Die uitkomste van hierdie geesdriftige en besielende konferensie kan as volg saamgevat word:

(a) Eenstemmigheid oor die doelpunt, nl. Christelike onderwys.

(b) Eenstemmigheid oor die eindpunt, nl. die staatsondersteunde skool.

(c) Verskil oor die praktiese bereiking van doel- en eindpunt.

(d) Om die vrug van hierdie konferensie tot groter rypheid te laat kom is daar 'n kommissie benoem wat deeglik op die hele vraagstuk van Christelike onderwys sal ingaan en 'n beleid formuleer wat mettertyd voor die bestuur van die A.C.B. vir oorweging gelê sal word. Hierdie kommissie is so saamgestel dat al die verskillende standpunte wat na vore gekom het verteenwoordiging het. Hulle is tans besig om tot iets konkreets te kom.

(e) Die Calvinis in Suid-Afrika moet die konsekwensie aanvaar dat ons alreeds 'n Christelike universiteit het en dit moet steeds 'n appèl op die gewete van die Christenouer en Christenonderwyser bly. Die P.U. vir C.H.O. wat as 'n monument van geloof en volharding op die walle van die Mooirivier staan, moet sterk gemaak word sodat hy manne en vroue kan oplei en in die samelewing instuur wat die Calvinistiese beginsels met krag en oortuiging kan indra en uitdra tot eer van God almagtig.

P. J. VAN DER WALT.